*Deur dr Bernice Mostert, SA Stamboek*

# TRAILBLAZERS

## Ontmoet twee voorloper jong Dormerramme

Die Dormer-skaapras is geteel uit kruisings tussen Dorset Horn-ramme en Duitse Merino-ooie. Hierdie paringsprogram was deel van navorsing oor ekstensiewe slaglamproduksie by die Wes-Kaapse Departement van Landbou se Elsenburg-navorsingstasie.

Die navorsing het in 1927 begin en vir meer as tien jaar geduur. Die Dormer-skaaptelersgenootskap van Suid-Afrika is amptelik in 1940 gestig en vandag is die Dormer 'n prominente ras in die plaaslike kleinveebedryf. Die ras is veral bekend vir die teel van ramme vir terminale kruisteelstelsels.

### Dormer-aantekening

SA Stamboek het sedert 1973 vrugbaarheidsinligting op sy Logix-stelsel aangeteken. Dit sluit in aspekte soos ouderdom by eerste lam (OEL), tussenlamperiodes (TLP), aantal lammers gebore, en dies meer. Produksiemetings soos speen, naspeengewigte en later ook groeitoetsuitslae, is sedert 1989 aangeteken. Die diepte van hierdie stambome kan so ver as 12 generasies terug nagespeur word.

As gevolg van die diepte van inligting wat vir die ras beskikbaar is, is die teelwaardes wat voorspel word op 'n betroubare genetiese evaluasie geskoei en sluit talle vrugbaarheids- en produksiekenmerke in. Hierdie teelwaardes word gebruik om 'n totale meriete-indeks bekend as die Logix meriete-indeks (LMI) saam te stel. Dit is gebaseer op die genootskap se doelwit van gebalanseerde verbetering in die volgende generasie.


Twee jong ramme staan uit op grond van hulle teelwaardes vir groei en vrugbaarheid.

### Ram GV 21 0031

Die eerste ram is GV 21 0031, geteel deur Loki Dormers in Limpopo en tans die eiendom van CP van Rooyen van Bethlehem. Hierdie ram is geteel uit 'n moeder (TA 18 0031) met 'n ooiproduktiwiteitsindeks (OPI) van 110. Dit beteken sy het meer en swaarder lammers as haar tydgenote in dieselfde kudde gespeen. Sy pa, YF 19 0303, het 'n LMI van 109. GV 21 0031 het tans 85 gemete nageslag in ses kuddes en drie dogters wat al lammers gespeen het. Hy het ook 32 kleinkinders gebore uit sy seuns en drie uit sy dogters.

Sy dogters se gemiddelde OEL is 18,5 maande. Hy presteer bogemiddeld vir al die rasteelwaardes, met 'n reproduksie-indeks van 114, groei-indeks van 107, en Logix Meriete-indeks (LMI) van 110. Hy is 'n uitstekende ram vir die teel van vervangingsooie, veral omdat hy goed presteer ten opsigte van speen maternaal en vrugbaarheid (*Figuur 1*).

**Figuur 1: Genetiese profiel van GV 21 0031.**





### Ram SL 21 0003

Die tweede ram is SL 21 0003, geteel deur Rooihek Dormers in Barkley-Oos en tans die eiendom van IJ Nel en Seun van Lady Grey. Sy ma, SL 14 0035, het 'n uitstekende OPI van 127 en 'n LMI van 115, terwyl sy pa, DZ 19 0266, met 'n LMI van 121 spog. Hy is dus uit uitstekende ouerlyne geteel.

SL 21 0003 het tans 83 gemete nageslag in twee kuddes. Dertig van sy dogters het reeds lammers gespeen en handhaaf 'n gemiddelde OEL van 12,7 maande. Hy het 40 kleinkinders wat uit sy dogters gebore is. Sy uitsonderlike en meerderwaardige genetiese profiel sluit onder meer 120 vir groei, 107 vir speen maternaal en 121 vir reproduksie-eienskappe in.

**Figuur 2: Genetiese profiel van SL 21 0003.**




Die Dormerras genotipeer tans hoë-impak diere sodat hul verwysingspopulasie uitgebou kan word en genomies-verrykte teelwaardes voortaan vir die ras beraam kan word. Hierdie tegnologie sal dit moontlik maak om meer akkurate teelwaardes vir veral jongramme ten opsigte van speen maternaal en vrugbaarheidseienskappe te beraam.

Die genetiese samestelling van die gegenotipeerde diere vir verskeie enkelgeen-eienskappe word reeds aan die telers beskikbaar gestel, terwyl baie akkurate ouerskapverifiëring en opsporing gedoen kan word met die genomiese inligting, mits die ouers ook gegenotipeer is. Die Dormerras is tans die voorloper in die vleisskaapbedryf wat die uitbou van hul genomika-databasis betref. VP

Vir meer inligting, stuur 'n e-pos na bernice@studbook.co.za of besoek *www.studbook.co.za*